Nood: 072 015 5729
E posadres: bbaynhw16@gmail.com

Voorsitter: 0829281260
E posadres: wayrayjack@gmail.com

BBBW INFO BULLETIN 3 VAN 2021

DANKIE

1. Dankie, weer eens, vir u geldelike bydraes tot ons rekening deur die BBBV. Hierdie fondse is onontbeerlik om ons nuwe selfoonradio's in werking te hou, en vir ons om nuwe BBBW-projekte te beplan.

2. Dankie vir die nuwe verteenwoordigers vir die neem van verantwoordelikheid van 'n gebied.

3. Neem asb kennis dat die groot noodgroep sal wegval sodra die onderskeie groepe hul eie personeel het. Daarna sal alle gesprekke en noodgevalle deur hierdie areaverteenwoordigers gehanteer word. Waar n verteenwoordiger nie voorhande is nie, sal die voorsitter as verteenwoordiger waarneem.

4. Op 31 Maart het ons vergader om ons posisie en die pad vorentoe te konsolideer. Ek deel graag die name van lede wat die vergaderings bygewoon het, asook hul onderskeie rolle.

4.1. Lede van ons vergaderings

Wayne Jackson	Voorsitter	BBBW	Aanwesig
Rob Morrisby	Sekretaris	BBBW	Aanwesig
Dennis Greenwood	Areaverteenw	Stony Point	Aanwesig
Herman Breedt	Areaverteenw	Stony Point	Aanwesig
Analize Breedt	Respondeerder	Stony Point	Aanwesig
Astrid Twomey	Areaverteenw	Jock's Bay	Aanwesig
Blacky Swart	Respondeerder	Lake Side	Aanwesig
Donovan Ackerberg	Areaverteenw	Rondevlei	Aanwesig
Ruby Ackerberg	Areaverteenw	Rondevlei	Verskoning
Penny Davidson	Straatverteenw	Rondevlei	Aanwesig
Brian Van Der Merwe	Eienaar	Sandown Bay	Aanwesig
Gerhard Bruwer	Eienaar	CULIVE	Aanwesig
Dolly Kirsten	Koördineerder	CULIVE	Aanwesig
Freek Van Deventer	Bestuurder & AV	BOLT	Aanwesig
Johan Pretorius	Bestuurder	ASK	Verskoning
Gill Coetzee	Ops Koörd	Pringle Bay	Aanwesig
Jan VD Merwe	Ops Köord	Kleinmond	Aanwesig
Johan Toerien	Voors. KSW	Kleinmond	Aanwesig
Hendrik Marx	Straatverteenw	Stony Point	Verskoning

15/18

5. Eenvoud. Die Wag word verdeel in twee groepe – die aktiewe en passiewe groepe. Die aktiewe lede is die respondeerders, areaverteenwoordigers, straatverteenwoordigers en patrolleerders. Die passiewe groep is die grootste groep, en is die oë en ore van die Wag. Hulle meld ongerymdhede vanaf hul huise aan by hul straat- en areaverteenwoordigers.

6. Gebruik van alle hulpmiddels. Ons gebruik alle hulpmiddels tot ons beskikking in die area: Amptelike en privaatkameras, selfoonradio's, slimfone, sowel as aktiewe patrollering saam met ons deur die sekuriteitsfirmas 20:00 and 06:00.

7. Vennootskappe. Ons is in vennootskap met die vier sekuriteitsfirmas in ons area. Ons deel dieselfde radiokommunikasiestelsel en reageer op enige oproep ongeag affiliasie. Ons is ook in vennootskap met die National Vehicle Intelligence Cloud (NAVIC). Ons het 'n besondere affiliasie met Sandown wat ons bygestaan het met ons eerste kamera-opstelling. Ons is ook in gesprek met die Kleinmond Straatwag en die Pringlebaai Straatwag om op sekere wyses nouer saam te werk.

8. Inligting en teeninligting. Ons steun swaar op inligting vanaf die passiewe groepe om so doeltreffend as moontlik te kan wees. Ons gee ook inligting deur wat negatief inewerk op misdadigers. Inligting is ons Wag se sleutel tot sukses. Dit is ook die rede waarom so veel as moontlik lede in Bettysbaai woonagtig passiewe lede van die Wag moet word.

9. Aanmelding. Dit is belangrik om ongerymdhede dadelik aan te meld sodat iemand ondersoek kan instel. Môre is dalk te laat.

10. Verandering. Ons pas aan en verander soos nodig om by te bly by misdadige aktiwiteite, beskikbare hulpbronne en vrywilligers.

11. Wie of wat wek agterdog?. Enige onbekende persoon wat lyk of s/hy op agterdogtige wyse optree. As u ongemaklik is oor die persoon, sal ons ook wees. Meld dit aan vir ons om te ondersoek - ook motorvoertuie.

12. Nood- en misdaadaanmelding. Sodra ons die areaverteenwoordigers in plek het, sal ons wegbeweeg van 'n enkele aanmeldingsgroep en oorgaan na kleiner groepe bestuur deur areaverteenwoordigers. Elke area is uniek met 'n eie persoonlikheid. Dus sal kleingroep bestuur makliker wees, en kritieke inligting kan direk gefokus word in 'n bepaalde area sonder om in te meng met ander groepe. Die nuwe WhatsApp-groepe per area sal met normale gesprekke sowel as nood- en misdaadaanmelding handel.

13. Tans ondersoek ons sekere apps wat ons kan help om meer doeltreffend te wees en om meer reaksie-organisasies in te sluit.

14. Die eerste van drie kamera-opstellings bestaan uit 'n paar basiese komponente teen 'n totale koste van R52 000.00

14.1. LPR kamera-opstelling @ Dr Flip: Installasie sluit die volgende in:
- i. 4.5 m beton ligpaal & grondwerk
- ii. Weerkissie op paal vir POE skakelaar en multiprop
- iii. 2x LPR kameras, rigting BB & KL
- iv. 1x oorsigkamera wat die hulpmiddels beskerm
- v. 2x nanoskakels vir internet sowel as POE-skakelaar en multiprop

Dr Flip verskaf gratis WiFi en krag

14.2. Hierdie skakel bemoontlik toegang tot die NAVIC-stelsel.

14.3. Met ons opstelling sal ons toegang hê tot die inkomende stel van Arabella, die Pringlebaai kamerastel en ons nuwe skakel tussen Bettysbaai en Kleinmond.

14.4. Ons gaan ook poog om toegang te verkry tot die eerste kamerastel in Gordonsbaai/Somerset West/ Strand vir verbeterde soek- en opspoorvermoë.

14.5. Sodra die OM in werking is, sal ons toevoer vir hulle toeganklik wees.

15. Hoe verhoog ons verantwoordelikheid onder inwoners? Dit is bespreek maar tot nog toe is daar nie ooreengekom op 'n definitiewe manier nie. Elke inwoner kan egter solank sy/haar bure werf om die Wag se oë en ore aan te vul.

16. Zoneverteenwoordiger om noodreaksie aan die gang te sit. Hierdie is ter ondersteuning van lede wat die verantwoordelikheid neem vir die area waarin hulle woon. Die groepe is kleiner en die areaverteenwoordigers het onmiddellike toegang tot hulp via selfoonradio. Dit betrek slegs respondeerders en area-spesifieke lede.

17. Sekuriteitsinligtingsessie. Die sessie was redelik ryk aan besonderhede en nie iets om buite die vergadering bekend te maak nie. Ons verstaan egter die speelveld beter en werk hard daaraan om nuwe bedreigings te verstaan en teen te staan. As antwoord op CULIVE se vraag oor die deel van inligting tydens en voor misdaadaktiwiteit, is dit duidelik gemaak dat inligting onmiddellik gedeel sal word met alle relevante

lede van die Wag, en ook met die vier sekuriteitsfirmas. Niemand word uitgesluit van die inligting nie, en die Wag sal geen inligting weerhou van enige vennoot of aktiewe Waglid nie.

18. Tipiese misdaad. Huisbraak, gewone diefstal, dwelmhandel, bende-aktiwiteit. motorvoertuigdiefstal, gewapende roof, winkeldiefstal,OTM-bedrog, diefstal uit boupersele. Alhoewel nie al hierdie misdade binne ons grense voorkom nie, ry misdadigers dikwels deur ons dorp of kom kruip hier weg. Daar is dus 'n verband met hierdie misdade en dit moet by die SAPD, anti-stroping eenhede, dwelmeenhede, anti-MV-diefstaleenhede ens. aangemeld word vir hulle verdere optrede.

19. Ons het vasgestel dat:

19.1. Ons die bedreigings verstaan en weet waarvandaan dit kom.

19.2. Ons weet nou waarvoor om op die uitkyk te wees voor enige misdaadaktiwiteit. Dit is een van die redes waarom dit so belangrik is om soveel moontlik passiewe lede te hê as oë en ore in ons gemeenskap.

19.3. Ken die bos waarin jy loop. Ons verkry meer en meer inligting aangaande paadjies en tussen gebiede wat gebruik word deur misdadigers. Ons het ook verteenwoordigers en lede aangemoedig om hul eie areas beter te leer ken om beter en akkurater inligting te kan deurgee.

19.4. Vriend of vyand? Ons het wyses bespreek waarop 'n vriendelike person in jou area uitgeken kan word, teenoor 'n moontlike moeilikheidmaker. Daar is ooreengekom dat lede moet weet wanneer hulle iets ongerymds sien, en dit dan aan te meld. Maak asb so!

19.5. Samewerkende patrollering en ondersteuning. Die krag van saamwerk met die sekuriteitsfirmas en die belangrikheid van passiewe lede is weer geopper

19.6. Nuwe bedreigings. Daar is 'n nuwe bedreiging in ons area en ons leer soveel as moontlik omtrent hulle en hul werkswyse.

i. Vreemdelinge wat rondloop in die gebied.

ii. Motorvoertuig wat stadig rondry met 3 tot 5 mans daarin

iii. Selfoonfotograwe

iv. Mense wat werk soek

v. Bedelaars

vi. Oortreders

vii. Nuwe werkers

20. Wat moet ons in gedagte hou wanneer 'n motorvoertuig en/of persone aangemeld word?

20.1. Motors: Fabrikaat, kleur, registrasienommer, insittendes, foto's, rigting vanaf / rigting na, kentekens op die motor, tyd, plek en enigiets ander opgelet.

20.2. Mense of groepe mense: aantal en kleur, kleredrag en skoene, wat was in hul hande, wat was op hul rug, foto's, taal, tyd en plek en enigiets anders opgelet, soos 1 man en 2 vrouens.

21. Opleiding en oefeninge in 2021. Ons sal binnekort 'n oefening hou om ons vermoëns en hulpmiddels te toets.

i. ASK, BOLT, CULIVE en Sandown Bay Security.

ii. Kleinmond Straatwag, Pringlebaai Straatwag en ons Wag.

iii. 'n Huis wat vrywillig geleen word, 'n motor en drie misdadigers.

iv. SAPD en die GPF tot mindere mate.

22. Betaling van data op fone. Ons het daardie lede wat selfoonradio's het, versoek om maandelikse bydraes van R200 te maak om vir data te betaal. Dit is egter nie altyd moontlik nie, en u skenkings is nodig en word hoogs waardeer. Met die kameras kom verdere uitgawes van maandelikse affiliasie en versekering.

23. Borg/borge. Ons het die aanwesiges gevra vir enige aanbevelings in hierdie verband. As enigiemand aanbevelings het, kontak asb die voorsitter van die BBBW.

24. Kogelberg tuingroep. Hierdie lieflike groep mense het besluit om 'n geleentheid te reel aan die einde van die jaar, om fondse bymekaar te maak vir ons.

i. Ons sal sekuriteit verskaf vir die geleentheid.

ii. Hulle verskaf aanwysings en doen bemarking

iii. 25/26 September fynboserfenis ope dag

iv. Die opbrengs word aan ons geskenk; probeer asb om hierdie geleentheid te ondersteun.

25. Inligting aangaande nuwe bedreigings wat gedeel moet word, en wat nie vir algemene verspreiding is nie.

i. Mans en vroue in groepe en Swart individue wat nie aan u bekend is nie.

ii. Hierdie mense is meer konfronterend en mag 'n groter gevaar inhou as ons plaaslike kriminele.

iii. Hulle skyn dinge van hoër waarde te wil hê – selfs u voertuig. Hulle sal u wakkermaak en sekere dinge eis.

iv. Hulle is ook goed voorberei voor hulle jou huis binnegaan, aangaande wat jy het en waar dit is. Hulle het inligting oor jou huis nog voordat hulle die inbraak aanpak.

v. Hulle is gewoonlik in groepe van 3 tot 5.

26. Terugvoer oor die tenterf: Nathan Ockhuis en sy vrou Cleo Ockhuis van Kaapstad het hulle erf 4599 h/v Pillansia en Polygala in die Disasirkelgebied oorkant die NG Kerk betrek. Hulle moes noodgedwonge hierheen trek en is geen gevaar vir die gemeenskap nie. Wetstoepassing en OM Kleinmond Administrasie het hulle besoek en aan hulle verduidelik wat hul te doen staan vorentoe. Die situasie word gemonitor.

Figuur 1 Bankrekeningbesonderhede. Ons verwysing is u erfnommer en bbnw

Bank:	ABSA
Rekeninghouer:	BBRA (Betty's Bay Ratepayers Association)
Tipe rekening:	Lopende rekening
Tak:	Hermanus
Takkode:	632005
Rekeningnommer:	4066616439

Figuur 2 Verteenwoordigers en roepseine

Zone	Naam	Van	Selnommer	Roepsein
BBNW	Wayne	Jackson	0829281260	Alpha
Rondevlei	Donovan	Ackerberg	0728868323	Rondevlei
Stony Point	Rob	Morrisby	0825286053	Stony Point
Jock's Bay	Astrid	Twomey	0837250437	J Bay
Betty's Bay	ASK		0711359029	ASK
Betty's Bay	Bolt		0612001246	Bolt
Betty's Bay	CULIVE		0861626347	CULIVE
Betty's Bay	Sandown Bay		0670655420	Sandown Bay 1
Betty's Bay	Sandown Bay			Sandown Bay 2

Figuur 3 Toon Areaverteenwoordigers met radio's en 1e kameraopstelling



Patrollering saam met vennote dwarsoor BB elke nag

ASK, BOLT, CULIVE, Sandown Bay Security, BBBW MV

Bg. is snags in permanente kontak met mekaar en areaverteenwoordigers

Areaverteenwoordigers bestuur groepe wat 'n reaksie mbt enige noodgeval in hul areas aan die gang sal sit

Lede in areas sonder verteenwoordigers maak gebruik van die noodgroep of voorsitter wat as areabestuurder sal waarneem totdat 'n vrywillliger vir die area na vore kom.

Alle inligting moet aan die areaverteenwoordiger deurgegee word, of aan die voorsitter as daar nie 'n verteenwoordiger is nie.